



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

BESIGHEIDSTUDIES

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

- Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings en sluit alle hoofonderwerpe in.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

- Lees die instruksies van elke vraag noukeurig deur en neem kennis van wat verlang word.
- Nommer die antwoord soos die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word moet alle antwoorde in VOL SINNE beantwoord word.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die onderstaande tabel as gids wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYDSDUUR
A	Meervoudigekeuse-vrae. Pas-items. Kies die korrekte antwoord. VERPLIGTEND	1	40	30 minute
B	Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling.	2	60	30 minute
		3	60	30 minute
		4	60	30 minute
		5	60	30 minute
		6	60	30 minute
C	VIER opsteltipe-vrae. Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.	7	40	30 minute
		8	40	30 minute
		9	40	30 minute
		10	40	30 minute
		TOTAAL	300	180 minute

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf dit langs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.
- 1.1.1 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid?
- A Verminder die BBSEB-metings
 - B Maak terugvoering in finansiële state moeiliker
 - C Dit is nie die hooffunksie van die besigheid nie
 - D Trek beleggers
- 1.1.2 Identifiseer die wet wat geskend word indien werkgewers nie gesondheid en veiligheidsmaatreëls in die besigheid toepas nie.
- A Wet op Basiese Diensvoorraad
 - B Wet op Gelyke Indiensneming
 - C Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en -siektes
 - D Wet op Vaardigsheidontwikkeling
- 1.1.3 Watter EEN van die volgende kan gebruik word om 'n kultuur van kreatiewe denke te bevorder?
- A Ervare persone wat anonieme voorstelle gee
 - B Leëstoel-tegniek
 - C Moedig 'n gees van speel en eksperimentering aan
 - D Om werknemers te ontmoedig om aan groepsprobleemoplossingsessies deel te neem
- 1.1.4 Watter van die volgende fondse verskaf aan werknemers belastingvoordele?
- A Werkloosheidsversekeringsfonds
 - B Aftree annuïteit
 - C Nasionale Lotery
 - D Padongelukfonds
- 1.1.5 Hierdie vorm van eienaarskap kan aandele op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs verhandel.
- A Vennootskap
 - B Privaat maatskappy
 - C Beslote korporasie
 - D Publieke maatskappy

1.1.6 ... handel met die evaluering van werknemers in die werkplek met die doel om hul salarisse en lone te verhoog.

- A Personeel-ontwikkelingsprogramme
- B Spanbou-oefeninge
- C Kwaliteit werkverrigtingbeoordeling
- D Berading

1.1.7 Mathomo klerefabriek het 'n markwaarde van R500 000. Onlangs het 'n brand by die fabriek uitgebreek. Die herstelkoste aan die gebou het R100 000 beloop. Die Mathomo klerefabriek was vir R300 000 verseker.

Die bedrag wat aan die versekerde deur die versekeraar uitbetaal word, is ...

- A R300 000.
- B R60 000.
- C R100 000.
- D R500 000.

1.1.8 Dispute word opgelos tussen werknemer en werkgewer waar voorstelle gemaak word om die beste moontlike oplossing vir beide partye te kry:

- A Mediasie
- B Arbitrasie
- C Werkplekforum
- D 'n Gewonereg aksie

1.1.9 Die vermoë om ander te beïnvloed deur van persoonlike sjarme en inspirasie gebruik te maak, staan as 'n ... leierskapstyl bekend.

- A outokratiese
- B transformasie
- C charismatiese
- D demokratiese

1.1.10 Edward de Bono het geel as 'n kleur van ... styl van denke geïdentifiseer.

- A kreatiewe
- B afsonderlike
- C optimistiese
- D objektiewe

(10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1 –1.2.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 H.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 'n stel reëls wat as regverdig beskou word	A Uitkontraktering
1.2.2 verplig dat werkgewers aan werknemers geleenthede moet bied om vaardighede aan te leer	B Staking
1.2.3 om spesialiste buite die besigheid te kry om sekere take te vervul	C Etiese kode
1.2.4 wegblý-aksie deur werkers georganiseer waar hulle williglik inkomste verloor	D Delphi-tegniek
1.2.5 'n tegniek om idees te verkry sonder om mense bymekaar te bring	E Plakkaatoptog
	F Professionalisme
	G Wet op Vaardigheidsontwikkeling

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies die korrekte woord(e) vanuit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die korrekte vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.3.1 (Leierskap/Bestuur) verwys na die vermoë om werknemers te beïnvloed om hoogtes in die uitvoering van hul taak te bereik.
- 1.3.2 Die verhoging in die prys van petrol is 'n voorbeeld van 'n uitdaging in die (mark/makro) -omgewing van die besigheid.
- 1.3.3 'n (Gebalanseerde telkaart/SWOT-ontleding) is 'n manier om besighede te meet of sodanige besighede aan BBSEB-regulasies voldoen.
- 1.3.4 (Personeelontwikkelings/Induksie) -programme se doel is om bestaande werknemers basiese kennis en vaardighede aan te leer.
- 1.3.5 (Michael Porter se Vyf kragte/Die King Kode) was ingestel om goeie korporatiewe bestuur in te stel as gevolg van wydverspreide onetiese en korrupte besigheidspraktyke.

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

LET WEL: Skryf die VRAAGNOMMER van elke vraag duidelik. Begin elke vraag op 'n NUWE blad, byvoorbeeld VRAAG 2 op 'n NUWE blad, VRAAG 3 op 'n NUWE blad, ensovoorts.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Lees die volgende uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

APHISIPH WINKELS

Minah is die eienaar van Aphisiph Winkels, 'n sportwinkel wat in Oos-Londen geleë is. Die winkel verkoop sportklere en uitrustings van verskillende soorte aan skole en klubs. Minah beskik oor 'n graad in Besigheidsbestuur wat sy by UNIFORT verwerf het. Die vraag na sportklere het onlangs verhoog sodat sy nie kon voortbly met die bestellings vanaf KwaZulu-Natal nie. Sy besluit om nog 'n tak in Durban oop te maak.

Minah besluit om vir 'n lening by ABSA-bank aansoek te doen. Indien die lening nie toegestaan sou word nie, sou dit die besluit wees van die kredietverskaffer en nie die kredietreguleerde nie. Sy staar ook moontlike verhogings in rentekoerse in die toekoms in die oë. Minah neem ook Candy, 'n nuwe kassier indiens, met geen ervaring nie. Candy hanteer ook die kliënte baie onprofessioneel.

Die Buffalo Stedelike Munisipaliteit het ook hul koerse en belasting verhoog, terwyl Bayethe Sport Edms. (Bpk.) klerevervaardiging (as die verskaffer) ook hul pryse opgestoot het as gevolg van die verhoging in elektrisiteit. Hierdie het 'n negatiewe invloed op die winsgrense van Aphisiph Winkels.

- 2.1.1 Identifiseer die sektor waarin Bayethe Sport Edms. (Bpk.) besigheid doen. (2)
- 2.1.2 Tref 'n verskil tussen die *kredietverskaffer* en die *Nasionale kredietreguleerde*. (4)
- 2.1.3 Identifiseer DRIE uitdagings wat deur Aphisiph Winkels in die oë gestaar word en sê in watter besigheidsomgewing elkeen van hierdie uitdagings voorkom. (9)
- 2.1.4 Die Wet op Vaardigheidsontwikkelings van 1998 (wet nommer 97 van 1998) maak voorsiening dat Candy se vaardighede ontwikkel word. Verduidelik die uitdagings wat Minah kan ervaar indien sy hierdie wet wil toepas. (6)
- 2.1.5 Verduidelik Minah se regte indien die krediet moontlik nie toegestaan sou word nie. (1)
- 2.1.6 Die Nasionale Kredietwet van 2005 (wet nommer 34 van 2005) beskerm beide die kredietverskaffer en die kredietverbruiker. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (8)

2.2 Identifiseer die tipe strategie in elk van die volgende scenario's:

- 2.2.1 Die bemarkingsdepartement van Aphiph Winkels oorweeg dit om van hul produkte na Mosambiek uit te voer.
- 2.2.2 Die besigheid voeg nuwe produkte by hul bestaande produkreeks wat verwant is aan die bestaande produkte en wat kliënte sal aantrek.
- 2.2.3 Aphiph Winkels vind dit moeilik om sportdrag wat in die mode is te kry en koop Bayethe Vervaardigers Edms. (Bpk.) oor.
- 2.2.4 Die bestuurder van Aphiph Winkels besluit om die spier opbou-afdeling te verkoop omdat dit nie winsgewend is nie.
- 2.2.5 Aphiph Winkels verminder die prys van sokkerballe drasties om kliënte aan te moedig om in groot hoeveelhede te koop.

(5 x 2) (10)

2.3 Evaluateer die impak wat die Wet op Verbruikersbeskerming van 2008 (Wet nommer 68 van 2008) op Aphiph Winkels het.

(12)

2.4 Bespreek enige VIER voordele van die Wet op Gelyke Indiensneming (wet nommer 55 van 1998) vir Aphiph Winkels.

(8)

[60]

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Nceba het op sy verjaarsdag 'n R5 000,00 as verjaarsdaggeskenk ontvang. Hy het besluit om die geld vir 'n tydperk van drie jaar by NEDBANK, teen 10% rente per jaar bereken op die saamgestelde rente-metode te belê.

3.1.1 Bereken die bedrag wat Nceba na drie jaar sal ontvang. (Wys alle berekeninge.) (6)

3.1.2 Toon die rente bedrag wat Nceba sal ontvang. (4)

3.1.3 As 'n ervare beleggingsadviseur, noem TWEE ander metodes wat deur Nceba gebruik kon word om die geld te belê. (4)

3.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarna volg.

"Joost van Oosthuisen is die bestuurder van Grens Rugbyunie Edms. (Bpk.). Hy konsulteer nooit met sy ondergeskiktes en werknemers, maar verwag dat hulle instruksies korrek moet uitvoer. Hy maak sy eie besluite en glo dat besluite van bo moet kom. Die besluite wat hy neem word beïnvloed deur die regulasies en reëls van die besigheid."

3.2.1 Identifiseer die leierskapstijl wat hierbo beskryf word. (2)

3.2.2 Regverdig die feit dat leiers verskillende leierskapstyle moet gebruik wanneer hulle verskillende uitdagings in die gesig staar. (4)

3.2.3 Identifiseer enige DRIE situasies waar die soort leierskapstijl in VRAAG 3.2.2 toegepas kan word. (6)

3.3 Noem enige VYF kragte wat Michaell Porter gebruik het om die makro-omgewing te analyseer. (10)

3.4 Vergelyk die sukses of die mislukkings van 'n persoonlike aanspreeklike maatskappy met dié van 'n vennootskap in terme van die volgende:

3.3.1 Kapasiteit (4)

3.3.2 Wetgewing (4)

3.3.3 Bestuur (4)

3.5 Lys VIER tipies nieverbale metodes wat deur 'n verkoopspersoon gebruik kan word om 'n nieverbale aanbieding te maak. (8)

3.6 Identifiseer die besigheidsektore hieronder en gee redes vir jou antwoord.

3.6.1 Smart Ontwerpersklere-vervaardigers (2)

3.6.2 ABSA-bank wat begrafnispolisse vir sy kliënte aanbied (2)

[60]

VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

- 4.1 Stel VYF maniere voor hoe werkgewers moeilike werkers kan hanteer. (10)
- 4.2 Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid kan deur die drievoudige eindresultaat geassesseer word. Bespreek kortliks die drievoudige eindresultaat. (12)
- 4.3 Onderskei kortliks tussen *korporatiewe sosiale belegging* en *korporatiewe sosiale verantwoordelikheid*. (4)
- 4.4 "Foslund, 60, 'n geharde sosialis van Sweden, is van mening dat sy advies die staking kon verleng het en die kanse groter sal wees dat stakers hul werk op die spel plaas."
- 4.4.1 Onderskei tussen 'n *werkplekforum* en 'n *werkersunie*. (2)
- 4.4.2 Lys DRIE funksies van 'n werkplekforum. (3 x 3) (9)
- 4.5 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarna volg.

James Fietse, is 'n klein besigheid wat deur James self bestuur word. Indiens is sy seun, John en sy dogter, Suzanne. Dit het begin as 'n fietsherstelwinkel deur James, maar toe John betrokke raak in die besigheid het die besigheid begin om fietse te verkoop asook verskillende fietsonderdele. Suzanne het betrokke geraak omdat die verkoopsafdeling van die winkel vinnig uitgebrei het.

James doen die herstelwerk omdat hy baie ervaring daarin het en het ook 'n passie om fietsprobleme te analyseer en te herstel. John is verantwoordelik vir die verkoopafdeling van die winkel. Hy is goeie 'n kommunikeerde en sal altyd vorendag kom met nuwe idees oor wat die besigheid volgende moet doen. Hy moedig sy vader en suster aan om na hom te luister en saam te stem met sy nuwe idees. Suzanne is 'n baie betroubare persoon en sal altyd John se idees in aksie omskep.

Deur gebruik te maak van die Belbin-teorie, watter rol vervul elkeen in die besigheid en sê of dit aksie-georiënteerd, mens-georiënteerd of serebraal-georiënteerd is. (12)

- 4.6 Noem VIER kenmerke van 'n span wat doelwitte suksesvol behaal. (8)
- 4.7 Onderskei tussen 'n *dispuut* en 'n *grief*. (4)

[60]

VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWE

- 5.1 Bestudeer die advertensie oor 'n vakante pos en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Die finansiële departement van
JOY-MEUBELS
 het 'n vakante pos vir 'n

FINANSIËLE BESTUURDER

Vereistes:

- Moet finansiële state kan analyseer en aan bestuur rapporteer
- Moet finansiële state opteken vanaf finansiële brondokumente en ander finansiële state
- Moet rekenaargeletterd wees en moet kan werk met Besigheid Rekeningkundige Programme (BAP)
- Moet onder druk kan werk

Slegs manlike applikante mag aansoek doen en sluit in
 'n kort CV wat gestuur moet word aan:

Die Bestuurder; Joy-Meubels; Zwelitsha.

of: Kontak: Phila 0736785460

Slegs applikante op die kortsal vir 'n onderhoud gekontak word.

- 5.1.1 Identifiseer die tipe werwing wat Joy-Meubels gebruik. (4)
- 5.1.2 Noem DRIE voordele van hierdie tipe werwing. (6)
- 5.1.3 Nelson was na die onderhoud genooi. Stel enige DRIE moontlike sleutel-eienskappe wat Joy-Meubels in hul vrae kan insluit om Nelson se vaardighede en kennis te toets. (6)
- 5.1.4 Verduidelik die hoofdoel van 'n werksonderhoud. (4)
- 5.1.5 Noem VIER klousules wat in die Joy-Meubels werksonderhoud van die werker moet insluit. (8)
- 5.1.6 Gee enige TWEE vrywillige aftrekkings wat in Nelson se werksonderhoud mag voorkom. (4)
- 5.1.7 Sommige menslike hulpbronnes-bestuurders is van mening dat die onderhoudsessie nie 'n betroubare assesseringsmetode is om die geskikte werker te kies nie. Verduidelik waarom dit so is. (4)
- 5.1.8 Verduidelik die konsep *verpligte aftrekkings* en gee EEN voorbeeld. (4)
- 5.1.9 Dink jy dat Joy-Meubels 'n verpligting het om byvoordele aan Nelson te betaal? Motiveer jou antwoord. (2)
- 5.2 Bespreek die doel van die Menslike hulpbronnes-departement en verduidelik hoe dié departement bydra tot kwaliteitwerkverrigting van die besigheid en personeel. (10)
- 5.3 Lys enige TWEE wette wat relevant is tot Menslikehulpbronnes en verduidelik waarom die twee wette relevant is tot Menslike Hulpbronnes funksie. (8)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI

- 6.1 Noem enige VYF oorsake van konflik in 'n besigheidsonderneming. (10)
- 6.2 Lys enige SES voorwaardes wat in die werkskontrak van 'n werker stipuleer word. (12)
- 6.3 Wat is die verantwoordelikhede van 'n besigheid in terme van die Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en -siektes, (nommer 61 van 1997)? (6)
- 6.4 Lys enige VIER beginsels van die King Kode. (8)
- 6.5 Bespreek die stappe in die grieveprosedure wat 'n werker moet volg indien 'n grief opgelos moet word. (12)
- 6.6 Onderskei tussen *bestuur* en *leierskap*. Verduidelik of 'n goeie bestuurder beter is as 'n goeie leier. (12)
[60]

TOTAAL AFDELING B: 180

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

Een van die vele kritiek teen SEB (BEE) was dat dit slegs 'n klein aantal swart individue bevordeel het. As 'n teenvoeter het die regering die Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtigingwet nommer 53 van 2003 ingestel.

- Evalueer krities die impak van enige VYF pilare van die BBSEB (CBBBEE) op besighede.
- Lewer kommentaar op die rol van die regering om die wet te bevorder.

[40]

VRAAG 8

Om medewerkers se onetiese en onprofessionele optrede te ignoreer, maak dat jy self oneties en onprofessioneel optree.

- Beskryf die konsep van onetiese en onprofessionele gedrag en gebruik voorbeeld wat die verskillende kwessies aandui wat verwant is aan bogenoemde gedragspatrone.
- Verduidelik hoe seksuele teistering, belasting en pryse van goedere in plattelandse gebiede etiese professionele gedrag kan beïnvloed.
- Maak aanbevelings hoe hierdie kwessies deur verskillende maniere aangespreek kan word.

[40]

VRAAG 9

Alfred en Apools bestuur 'n suksesvolle besigheid in Phillips Dorp, bekend as AA Vennote. Hulle het onlangs R8 miljoen in die Nasionale Lotery gewen. Hulle wil graag hul rykdom vergroot deur die geld vir 'n tydperk van vier jaar te belê.

As finansiële adviseur moet jy die volgende aan hulle verduidelik:

- Evalueer die verskillende faktore wat 'n rol speel wanneer ingeligte besluite gemaak moet word om geld te belê.
- Verduidelik VYF tipes formele beleggingsgeleenthede aan hulle.
- Brei uit op die verskillende risiko's verbonde aan elke beleggingsmetodes.

[40]

VRAAG 10

Jy is die Menslike Hulpbronnenbestuurder van Kayo Skoenevervaardiger Edms. (Bpk.), wat skoene in die Oos-Kaap vervaardig. Jou Gehaltebeheer-beampte het onlangs bedank.

- Bespreek in detail hoe die werwings- en seleksieproses vir 'n nuwe gehaltebeheerder sou verloop.
- Bespreek die wettige aspekte van die dienskontrak wat deur beide die werkgewer en werknemer onderteken moet word.
- Sit kortliks die inhoud van die indiensnemingskontrak uiteen.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 80
GROOTTOTAAL: 300

